

8 Junie

Skrifgedeelte: Kolossense 1:15-29
Fokusgedeelte: Kolossense 1:18-20

Die hoofsaak vir die kerk

Waarom dink jy as jy aan die kerk dink? Dink jy aan die gebou en sy argitektuur, of dink jy aan die kerk se bediening en metodes, of miskien aan die dominee? Waarom behoort ons te dink? Aan die Koning, die Hoof, die Here, die Verlosser, die groot Argitek van die kerk wat gesê het: "Die poorte van die hel sal dit nie oorweldig nie" (Matt 16:18). Die kerk is iets totaal anders as enige organisasie wat deur mense opgerig is.

Wat is dan die hoofsaak vir die kerk? In vers 19 en 20 lees ons dat God besluit het om met sy volle wese in Christus te woon en al sy heerlijkheid in Hom te openbaar sodat Hy weer die ganse skepping met Hom kan versoen. Hoe versoen God die skepping met Homself? Hy doen dit deur sy liggaam (die kerk) waarvan Jesus die Hoof en Verlosser is. Ons is geroep om sy liefde uit te beeld, sy genade en medelye met sondears te deel en om sy verlossing aan te bied aan diegene wat dit nog nie het nie. Wanneer die wêreld na jou en my kyk moet hulle Jesus Christus raaksien. Verstaan die wêreld die genade van ons Here as hulle met ons te doen het? Kan iemand wat worstel met sonde die krag van die verlossing deur Christus ervaar as hulle jou vandag sien en hoor?

Wanneer ons Jesus Christus as Hoof in die wêreld sigbaar maak sal ons ervaar hoe Christus sy kerk bou, verander en vernuwe om die krag van versoening te wees soos dit bedoel is.

Sing: Skrifberyming 43:1

Ds ME Schalekamp (Potchefstroom Mooirivier)